PAV: Werkers wag steeds

Breyten Cupido

PA Venter Shopfitters se ongeveer 130 werkers gaan tans deur 'n moeilike tyd en het steeds nie hul salarisse ontvang nie.

Ongeveer 130 werknemers van die bekende houtwerkmaatskappy PAV Shopfitters leef tans van aalmoese omdat hulle in Desember laas hul salarisse ontvang het.

Die maatskappy, wat een van die grootste werkgewers in Worcester is en as een van die dorp se pioniers-maatskappye beskou word, ondervind tans finansiële probleme.

Werkers het in die week donasies ontvang van onder meer Sasko en elke werker het brode ontvang. Meer donateurs van die dorp gaan glo inkopiegeskenkbewyse aan die werkers verskaf. Vroeër die maand – op 7 Februarie – het die werkers pasteie van 'n donateur ontvang met Bybelverse om die werkers te motiveer om deur die moeilike tyd aan te hou.

"Dit is só dat ons personeel van ongeveer 130 se salarisse vir Januarie 2020 grootliks nog uitstaande is. Ons is egter in voortdurende gesprekke met ons personeel en vakbonde. Hulle word op hoogte gehou van enige verwikkelinge," sê die uitvoerende hoof van PAV Holdings, Fanie Roux.

Op 7 Februarie het werkers 'n brief ontvang wat gelui het dat hulle hul salaris op 12 Februarie kan verwag omdat die maatskappy tans deur 'n moeilike finansiële tyd gaan.

Standard verneem die elektrisiteits-toevoer na die maatskappy se fabriek is vroeër hierdie maand ook glo afgesny deur die munisipaliteit en die maatskappy op 'n kragopwekker moes staatmaak om met sy werk aan te gaan.

Werkers is ook die opsie gegee om R1 000 by die maatskappy te leen totdat hulle volle salaris betaal word en dan sal die lening dan in twee paaiemente afgetrek word.

Werkers sê hulle is vroeër die maand voor 'n keuse gestel – hulle kan huis toe gaan en dan ure verloor of aanhou werk sonder betaling. Die meerderheid werkers het toe glo geloop.

Standard het met 'n werker gepraat wat nie sy naam wil bekend maak nie uit vrees vir viktimisasie.

"Die werkers kry tans baie swaar en dit is nie net ons nie, maar ook ons families wat onder die druk moet deurloop. Ons is baie ongelukkig oor hoe dinge tans by die maatskappy gaan en dit is vir ons moeilik om die donasies van die donateurs te ontvang, maar ons bly dankbaar.

"Ek word moedeloos en emosioneel, omdat ons geen antwoorde kry nie. Ek het huur, rekeninge en kos wat ek moet betaal en ek moet maar net hoop dat die mense verstaan as ek opdaag met die briewe wat hulle vir ons gee."

Volgens die bestuur by PA Venter Holdings, ondervind hulle tans groot druk weens lae produksiedeursette gedurende Desember en Januarie met die jaarlikse bouwerkersvakansie.

"Daar word daadwerklike pogings aangewend om die salaris-situasie te beëindig en ons verwag om binnekort 'n aankondiging te maak oor wanneer die salarisse volledig betaal sal word," sê Roux.

"Ons bedryf is altyd stadig vroeg in die jaar wat verkope betref en 2020 is geen uitsondering nie. Ons verkope het egter goed opgetel en ons is vol vertroue dat dit so sal volhou vir die res van die jaar."

● *Standard* het vroeër hierdie maand berig oor die selfdood van een van PA Venter se oudwerkers, Brindley Cremon. Hy was veronderstel om in die getuiebank te wees in 'n arbeidsgeskil wat hy teen PA Venter Holdings aanhangig gemaak het.

34-jarige dogter vas ná ma se dood

JP Myburg

'n Ma van Worcester wat op 'n plaas net buite die dorp gewoon het, is Saterdag doodgesteek – na bewering deur haar eie dogter.

Susanna Kock (57) is vermoedelik deur haar eie dogter net buite Worcester vermoor.

Susanna Kock (57) is verskeie kere met 'n skerp voorwerp gesteek en vir dood gelaat.

Sy is dadelik na die Worcester-hospitaal geneem waar sy later dood is.

Die hospitaal het die polisie Saterdag net ná 22:00 ontbied om ondersoek in te stel. Die gebeure rakende die moord is op hierdie tydstip onduidelik.

"Die polisie se voorlopige ondersoek het getoon dat sy aan steekwonde beswyk het," het kapt. Lindikhaya Mkhontwana van Worcester-polisie bevestig.

Die slagoffer se dogter, die 34-jarige Brendaline Kock, is summier weens die moord op haar 57-jarige ma in hegtenis geneem.

Susanna se man, Karools Hess, 'n werker op die Osdrift-plaas net buite Worcester op die Aan De Doorns-pad, het aan *Standard* gesê hy gaan haar vreeslik mis. "Sy was 'n liefdevolle vrou wat nooit haat saam met haar gedra het nie." Hy en Susanna het op die plaas, waar die voorval plaasgevind het, gewoon. "Sy was 'n omgeemens en ook 'n mensemens – dit is hoe ek haar gaan onthou," het hy gesê.

Brendaline het Dinsdag 18 Februarie in die Worcester-streekhof verskyn. Sy is op borgtog vrygelaat en haar gesin het haar deur die proses ondersteun.

Die oorledene se familie het dit duidelik gemaak dat hulle geen kommentaar oor die saak wil lewer of die omstandighede rakende Susanna se dood wou blootlê nie.

Die familie sê die saak sal in die hof uitspeel.

"Wat gebeur het, het gebeur. Dit help nie ons kloof hare daaroor nie. My ma was 'n mens vol vergifnis. Sy sou ons suster vergewe het, so ons sal ook," sê Susanna se ander dogter, Luzaan Kock.

Susanna, wat werkloos was ten tyde van haar afsterwe, laat vyf kinders en haar man agter.

"Ons sal eerder fokus op alles wat nou gedoen moet word en die nodige reëlings tref. Ons sal ons ma onthou as 'n kwaai mens, maar iemand met 'n omgee-hart. Sy was net vol liefde en het 'n belangrik rol in ons almal se lewe gespeel," het Luzaan bygevoeg.

Brendaline sal weer Donderdag 19 Maart in die Worcester-streekhof verskyn.

● *Susanna word Saterdag (22 Februarie) vanuit haar huis begrawe.*

Ondersoek na brand begin

JP Myburg

Die departement van omgewingsake het 'n formele ondersoek na die brand by die Worcester-stortingsterrein begin.

Dié brand, wat dae lank aangehou het, was nie die eerste een by die terrein nie. In Desember verlede jaar is dieselfde klagtes aangehoor.

Die Breedevallei Onafhanklik (BO)-party, wat 'n klagte hieroor by die departement ingedien het, sê die brand van afvalstowwe by die Worcester-stortingsterrein is nie net 'n oortreding van die wet nie, maar dat dit ook 'n negatiewe invloed op die inwoners van veral Avianpark, Johnsonspark en omliggende gebiede het.

"Ingevolge ons sorgsaamheidsplig het ons geen keuse nie as om hierdie voorval by die provinsiale departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning aan te meld," sê Nik Wullschleger van die party.

Op 12 Februarie het die BO 'n formele klagte ingedien en nou word dit ondersoek.

Die departement het in e-pos aan die BO gesê dat die saak as ernstig beskou word en 'n ondersoekbeampte aangestel is om aandag hieraan te gee. *Standard* het uitgereik na die beampte, Fahd Said, maar teen druktyd was die navraag nog onbeantwoord.

Die klagte handel oor beweerde nie-nakoming van die voorwaardes van 'n afval-permit by Worcester-stortingsterrein en die gevare wat so 'n brand inhou.

Talle inwoners was verheug om die nuus te hoor en sê dit is hoogtyd.

"Dit moes al lankal gebeur het. Ons kan seker net dankbaar wees as iets nou aan die saak gedoen word. Ek sien uit na die impak wat hierdie klagte gaan hê op ons mooi dorp en omgewing," meen Minché Kamfer van Johnsonspark.

Guillaume Nel
environmental consultants

NOTIFICATION OF AN ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS (DEA&DP Reference Number: 16/3/3/6/7/1/B2/32/1433/19)

NOTIFICATION OF AN ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS: APPLICATION FOR THE PROPOSED EXPANSION OF THE EXISTING PRE-LOADS RESERVOIR SYSTEM LOCATED ON THE REMAINDER OF PORTION 19909, WORCESTER. WESTERN CAPE.

Project Description: Breede Valley Municipality (applicant) appointed Guillaume Nel Environmental Consultants (GNEC) in order to facilitate the Basic Assessment process for the proposed expansion of the existing Pre-Load Reservoir system on the Remainder of Portion 19909, Worcester, Western Cape. Worcester is currently experiencing rapid growth in terms of residential and commercial developments, with the existing Worcester Pre-Load Water Reticulation system having insufficient capacity to supply water for the future developments within the area.

The proposed expansion will therefore result in the construction of a new 20,0 ML reservoir at the existing Pre-Load Reservoir site to increase the reservoir's storage capacity. The reservoir will link to the existing bulk water pipeline. Both the proposed reservoir tank and pipeline will be located adjacent to the existing system, thus minimising the overall impact of the proposed development. The proposed expansion will be contained to an area of approximately 4129 m². The entirety of the subject property is zoned for Authority Use.

Locality: The existing Pre-Load Reservoir is located to the North of the N1 Highway within Worcester.

Application is made for Environmental Authorization to undertake the following activities:

EIA activities are: Government Notice No.324 of 2014 (as amended 07 April 2017): Activity 16.

Invitation for Public Participation (24 February 2020 - 27 March 2020): To register as an Interested and Affected Party and to be notified of any developments in the proposed EIA application, please contact: Guillaume Nel Environmental Consultants, attention: Ms Heloise Groenewald, PO Box 2632, Paarl, 7620, Tel: 021-870 1874, Fax: 021-870 1873, e-mail: hdp@gnec.co.za Please make use of the GNEC Reference No. **20621** in all correspondence. A copy of the First Draft Basic Assessment Report will be available at the Worcester Public Library as well as on GNEC's website (www.gnec.co.za) from the 20th of February 2020. Please contact Ms Christine Gerber (Tel: 023 348 2773) at Worcester Public Library.

000000-WS200220

Western Cape Government
BETTER TOGETHER.

IMPORTANT NOTICE

1. **The Department of Social Development, Western Cape, Drakenstein Local Office,** is requesting **Ms Chandre Baans,** who was last seen in De Doorns, Western Cape, to urgently contact the social worker, Ms Natalie Theunissen on 021 871 1682 or at Old Rembrandt Mall, Lady Grey Street, Paarl, during office hours (07H30-16H00) or fax 021 872 0049. She is allegedly a close relative of a male child born during 2007.

2. **Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Weskaap, Drakenstein Plaaslike Kantoor,** is opsoek na **Me. Leticia Maart,** wie laas in Zwelethemba, Worcester gesien is. Sy moet asseblief dringend die maatskaplike werker, Mev. A Trautmann kontak by 021 871 1683 of besoek te Old Rembrandt Maal, Lady Greystraat, Paarl, Gedurende kantoorure (07H30 – 16H00). Sy is vermoedelik 'n naasbestaande van 'n manlike kind was in 2008 gebore is.